Pretoria.....

Skriflesing: Deuteronomium 8:1-20
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 50**
Teks: Deuteronomium 8:3
Sing: Ps. 36:3; Ps. 65:6,7; Ps. 65:8

Ons moet baie versigtig wees, broeder en suster, as ons by hierdie deel van die volmaakte gebed kom, asof ons nou by die deel kon kom wat gaan oor die dinge wat ons vra en wat ons nodig het. Maklik kan 'n mens die fout maak om te dink dat die eerste drie bedes gaan oor die Here- *Laat U Naam geheilig word, laat U koninkryk kom, laat U wil geskied…* en nou vra ons dat die Here ook na ons eie belange moet omsien- *Gee, ons vandag ons daaglikse brood…* Ons moet op geen manier in hierdie gebed hierdie onderskeid wil maak tussen die dinge wat vir die Here voorop staan en dan die dinge wat vir ons belangrik is as deel van die tweede deel van die Onse Vader beskou nie.

In al ses die bedes van die Onse Vader gaan dit oor die dinge van die Vader en dit wat die Vader en sy kinders gemeenskaplik raak. In ons begeerte na brood, ja in alles waarvoor ons lewe en waaroor ons met die Here in hierdie gebed oor praat staan dit onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die heiliging van God se Naam, die koms van God se ryk en doen van God se wil is waartoe die brood ons ook moet bring. Die brood is instrument van die Heilige Gees. As ek na brood verlang maar ek vra dit maar ter wille van my eie heil en my gesondheid en dat ek maar my lewe daarmee wil voortsit dan sondig ons. Dit gaan nie maar oor my eie sake en my lewe nie, maar ek vra hierdie brood ter wille van God se Naam, God se ryk en God se wil. Dit is 'n offer van die kind van die Here wat hy/sy in hierdie gebed om die daaglikse brood aan die Here moet bring.

***

'n Offer van ons geloof, 'n offer van ons hoop, maar ook 'n offer van ons liefde. Mag ons weer deur die allerfynste verbande van hierdie gebed wat daar ooit nog kon wees gegryp word, want die offer van ons geloof staan gebind in die openbaring van God se Naam. Die offer van ons hoop is in die brood vanweë die koms van God se koninkryk. Die offer van ons liefde word in die brood gesoek want dit gaan tog werklik om die doen van God se wil.

Sondag 50

Ons staan in alles in ons gebedsroem nie verleë nie, want gebede word soos reukwerk voor die aangesig van die Here gestel. Ons lees ook dat die opheffing van ons hande is dan soos 'n aandoffer. Die Kategismus stel in die geheel die gebed as die vernaamste deel van ons dankbaarheid. Ek moet nie bid om daarmee te wil ontvang nie, dan is dit mos geen offer nie! Bid is om te werk, om die reukwerk van die belangrikste wat daar in jou lewe kan wees voor die Here te wil bring… brand dit dat dit 'n lieflike reukwerk kan wees wat vir God aangenaam moet wees. As ek bid om te offer en nie om te wil ontvang nie dan is dit 'n handeling waarby die mens iets aan God wil gee. Weereens onthou wat die Kategismus ons leer dit is die vernaamste deel van ons dankbaarheid lewe!

***

As jy regtig bid dan offer jy! Ek steek nie in die vierde bede leë hande na God toe uit met die hoop Hy wat die Here is nou my hande moet vul nie, maar veel meer gaan dit in hierdie gebed dat ek aan God die offerande van sy brood wil bring. Ek wil aan God die brood bring waarmee Hy my reeds versadig het. Die woord GEE- *Gee ons vandag ons daaglikse brood…* dit stel jou nie soos 'n bedelaar voor die Here nie, waar mense net heeltyd wil vra en daar gegee en gegee moet word nie. Die woord GEE het in hierdie opsig heeltemal die verkeerde betekenis begin kry omdat mense op strate en in allerhande sentrums blikkies skud en leë hande na jou wil uitsteek. Dit gaan vir God nie 'n oomblik daaroor dat Hy ons soos bedelaars behandel nie. Jy word nie in die gebed soos 'n bedelaar na gekyk nie, maar daar word na ons gekyk as kinders van God reeds beklee as priesters voor God en in daardie heilige staat van priesters vra ons die Here – *gee ons vandag ons daaglikse brood…*

God wil in sy tempel nie bedelaars ontvang nie, maar priesters! Ons gesigte vertrek dan nie van honger en is vaal vanweë ons gebrek aan brood nie, maar dit is gesigte wat eintlik blink omdat hulle reeds gesalf is met die olie van God se Gees. Wie mooi hieroor nadink broeder en suster, as jou mond nader wil kom om te eet, dan moet die vrug van die lippe reeds die lof aan God wou bring en as jy jou hande wil uitsteek dat jou hande gevul moet word, dan kan dit alleen omdat jou hart en jou siel en al jou kragte reeds gevul is en jy dit reeds op die altaar kon neerlê. Dit staan in nou verband met wat ons in Sondag 52 by gaan kom. God as Koning het mag oor alles en dat dieselfde God as Koning **ons alle**

goeie dinge wil en kan gee… sodat daardeur nie ons nie maar u heilige Naam ewig geprys sal word… ***

Die vermoë om vir ons te kan gee is alleen by God wat ons Hemelse Vader is. God wat bo alles staan- bo elke oorlog, bo dit as daar vrede is, bo die onmag van die mens, bo die spanning wat daar tussen al die volke is. Ons bely in hierdie gebed dat God alleen hierdie vermoëns besit om dinge te verander wat geen mens hoegenaamd kan verander nie. Al is daar genoeg water in die riviere en lope en boorgate en die grond is vrugbaar en die aarde is in staat om goeie oeste te lewer, tog is dit opsigself nie die waarborg dat alles goed sal gaan nie. Die mens kan goeie grond ook goed opmors. Daarvan is die wêreld vol, vol erosie slote en besoedelde riviere… as jy dan bid – gee – gee ons vandag ons daaglikse brood dan bid jy dat God wat al hierdie goeie dinge kan gee, dat God wat hierdie vermoë besit, dat ons Hom hierin ook reg sal dien. Sy Naam, sy koninkryk, sy wil, moet om sy brood ontwil ook verheerlik en gedank word.

Ons leef nie by die genade van mense nie, of omdat daar goeie grond en volop water is nie, maar in die gebed besef ons en dit bely ons ook dat ons leef by die genade van ons Hemelse Vader. Hy wat Hom deur niks en niemand laat bind nie, in alles is Hy soewerein! Daar is geen probleem wat die mens hom/haar teen vasloop wat vir God ook ’n probleem sal wees wat God kan verhinder om nie meer te gee nie.

***

As die gelowige verbondskind van die Here bid- *Gee- ons vandag ons daaglikse brood…* dan is die GEE geen angskreet en laaste uitweg en soeke na iets wat êrens weggesteek word nie… nee dit is ’n offerande van die kind van die Here se geloof aan die God wat Hom as ons Vader in die hemel openbaar wat my in alle nooddrif kan versorg omdat Hy dit as almagtige God kan doen maar ook as getroue Hemelse Vader wil doen. Hy wat berge kan skuif en heuwels kan platvee maar sy verbond wankel nie, sê die Here ons Ontfermer!

Hoe duidelik het God aan Israel in die woestyn hierdie brood gegee. Daar het God reeds in die woestyn Homself ook deur Christus en die Heilige Gees geopenbaar. Hierdie gebed om ons daaglikse brood staan in die Kategismus rondom die Drie-Eenheid van

God ingebed. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die verband met die Vader is waar die Kategismus dit bely dat **Hy is die enigste Bron van alles wat goed is.** Hy is nie maar net die God wat na die geestelike omsien nie. Juis is dit andersom en daarom bid ons ook eerste vir die gewone dinge, die aardse behoeftes, want dit moet ons weet. **Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is.** As daar na die liggaamlik, aardse behoeftes nie omgesien word nie, dan kan daar nie eintlik by die dieper vraag, na die geestelike omgesien word nie. Ek sal sonder hierdie aardse versorging gewoon doodgaan, daarom staan die aardse behoefte dan selfs voor die geestelike behoeftes. Om van jou skulde vergewe te word en om uit die mag van die Bose verlos te word, is wel uiters belangrik, maar het Paulus ook geskrywe dat die natuurlike dinge wel voor die geestelike moet kom. 1 Kor. 15:46: *Die geestelike is ewenwel nie die eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike...*

Gewoon kan ons dit so stel. Wat sal dit my help ek bid om vergewing van my sonde en my skulde en ek vra die Here om my in alle opsigte teen Satan te bewaar dat ek nooit in versoeking mag kom nie, maar my dag tot dag bestaan is eenvoudig in flarde. As my dag tot dag bestaan stukkend is, dan kan die ander dinge in my lewe ook nie regkom nie. Dit is die logika van hierdie gebed en die logika wat ons in hierdie gebed moet raaksien. Die brood staan nie teenoor die geestelike dinge nie en is op geen wyse minderwaardig teenoor ons geestelike behoeftes nie. 'n Maer uitgeteerde mens wat nie weet waar sy volgende snytjie brood vandaan gaan kom nie, sal dit moeilik vind om eerste vir die vergewing van sonde te bid. Dit maak net meer sin dat ek eerste die liggaamlike krag moet kan ontvang om my liggaam staande te hou en dat ek dan daarna eers die krag sal vra wat my teen die bose ook moet bewaar. Ek moet eers mens wees voor ek gelowige kan wees.

Dit is die orde wat die gebed in God die Vader erken, Hy gee in die regte volgorde, want Hy is die God van orde. En die Vader wat eerste staan, die Bron van alles, het in Christus ons Verlosser gewerk. As die Kategismus van God vra dat Hy al ons sorge en arbeid moet seën en dat selfs die gawes van God sonder sy seëninge ons niks baat nie, dan gaan

dit om Christus ontwil wat die Kategismus van God vra. Sonder Christus is daar van geen seëninge sprake nie en is die seën van God nie moontlik nie.

Wanneer daar in die Ou Testament in die tempel ingestap is, dan was die brood vir die Israeliet al die teken gewees van seëninge wat ons so nodig het. Dink maar in die heiligdom was daar 12 brode, ook toonbrode genoem, 'n beter vertaling sou dalk wees om dit aangesigbrode te noem... elke brood verteenwoordig 'n stam in Israel. Elke Sabbatdag dan is die ou brode weer met nuwes omgeruil. En die priester het dan die oue kon eet. Brode wat gebak was uit die beste van fyn meel wat in die Israelitiese erediens simbolies uitgestaan het dat die brood wat hulle so van die Here ontvang het weer aan Hom teruggegee moet word. En dadelik besef ons die brood wat van Christus uitgaan, maar ook van Hom getuig, Hy wat vir ons gegee is, maar ook weer na die Vader kon terugkeer, daar was nie net in die heiligdom brood nie, maar in die allerheiligste van die tempel was daar die volgende geseënde brood. Daar voor die ark het gestaan 'n goue kruik met die manna uit die woestyn gevul.

Hierdie manna wys darem baie duidelik hoe God Hom met ons daaglikse brood intensief bemoei. God kon nie vir 'n oomblik van die manna losgemaak word nie. Soos wat God hierdie brood uit die hemel laat reën het, kon die volk uitgaan en soveel soos wat vir elke dag nodig is, gaan bymekaarmaak. Al is hulle in die woestyn en nie meer in die vrugbare land Gosen waar mense kon dink die grond laat die voedsel uitspruit nie. Nou besef hulle en dit beleef hulle dag na dag dat selfs Gosen se kos, die vrugbare deel in Egipte, daar waar ons was, dit sou geen opbrengs kon lewer sonder die seëninge van God nie. Hier val die manna op ons, daar waar byna niks groei nie en dit val maar net op ons met goddelike mate uitgemeet. Wie te gulsig meer as die daaglikse brood sou optel het hom/haar teen die goddelike berekeninge vasgeloop. Daar het dan klaar wurms in die meer as daaglikse ingekruip. God het sy volk aan die daaglikse maat gebind gehou. Vir 40 jaar het dit so gebeur, hierdie gee ons vandag ons daaglikse brood het op hulle afgekom en kon gesien en beleef word.

***

Sondag 50

Werklike fisiese liggaamlike versorging van God is waarop dit heeltyd dui. Kraaie dra vir Elia kos aan toe daar in die land eintlik nie meer kos was nie. Dit is tog die Here wat die kraaie stuur. Wie anders kon dit wees?! En die volgende wat Elia tref as daardie spruit Krit die laaste druppel opgedroog het, dan is die gebed tot ons daaglikse versorging weer in Elia aanwesig. Die weduwee van Sarfat raak die bewys dat God buite die grense van Israel net so na sy kinders kyk as wat daarbinne die geval was. Watter wonderlike bewys het hierdie weduwee as die meel in die pot nie opraak en die olie bly drup soos wat hulle dit elke dag nodig gehad het. Dit hou aan totdat daar weer reën geval het. God hou Homself aan sy beloftes. Dit kan ons maar altyd weet.

Daarom moet ons vanuit Deut. 8 dit ook goed raaksien, broeder en suster, daar is tussen hierdie vierde bede en die derde bede 'n heeltyd onlosmaaklike verband. God se Woord, sy beloftes kan van ons brood nie geskei word nie. Dit is waarom die derde bede van- *Laat U wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde...* ook reeds in ons brood kom vasstaan. Wat bedoel ons daarby? Alleen as ek bereid is om die wil van die Here te doen, ek het die Here so lief dat ek Sy wil, wil doen, soos wat ons bid die verlange van die engele tot die doen van God se wil ook ons verlange moet wees. Die genadewil van God gee ons die grond om ook na die brood te mag vra.

En dan kan Moses die volk in Deut.8 verseker as hulle die Here nie vergeet nie en hulle bewaar die gebooie van God dan sal hulle brood vraag nooit uit nood kom nie. Daar sal dan genoeg brood wees. Christus wat ons geleer het om te bid- *Laat U wil geskied...* is in alle opsigte ernstig dat ons dan met die gebooie van God ernstig sal wees. Moet nie brood wil vra maar nie God wil, wil doen nie. Die wêreld is van sulke mense vol. Die hulpbronne en die reserwe voorrade, die olies en die minerale, die plante, die diere, die water, dit alles wat met hierdie vierde bede saamhang, ons wil dit hê, ons gebruik dit so dat daar in baie opsigte daarmee gemors word, maar dieselfde mense wat so met die brood omgaan, hulle wil van die Woord van God niks weet nie. Die logiese is dan as ek met God se wil, met God se Woord nie ernstig mee wil wees nie , hoe seker kan ek dan wees dat God nog bereid sal wees om my sy brood te gee.

Dit gaan om Woord en brood... as daar in Deut. 8:3 staan- die Here het aan Israel baie wonderlike dinge gegee, vir 40 jaar was daar die pad wat daar na God se wil gesoek moes word en vir 40 jaar was die woestynpad 'n kerkpad, waarop God se kinders moes leer, hulle moes verootmoedig. Daardie brood wat uit die hemel geval het, het nooit van die Woord van God losgekom nie. Juis was die brood die binding, die teken dat die mens nie van brood alleen kan lewe nie, *maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan...* Daarom hoe verontrus moet ons wees as mense praat van die herstel in die ekonomie en daar word goeie oeste in die vooruitsig gestel, oesskattings het in Suid-Afrika soos in die res van die wêreld 'n bekende instelling geword. Al die voorregte rondom die vierde bede kry intense aandag, maar die mens is nie bereid om dieselfde aandag aan die derde bede, aan die wil van die Here te bestee nie. Is dit nie tekenend van 'n growwe wanbalans dat ons die skaal tussen die derde en die vierde bede glad nie in balans kan plaas nie, terwyl dit die eis van God is. Daar word van ons verwag dat daar tussen die derde en vierde bede geen wanbalans moet wees nie.

Ek kan tog nie die Here wil vra om ons daaglikse brood en dit word nou maar 'n vraag na brood ter wille van brood nie. Dan bid jy omdat jy in nood is terwyl dit nie die grond van ons gebede moet wees nie. Ons gebede moet mos in alles alreeds in ons dankbaarheid gesetel wees. Dankbaar dat ek reeds tot God se Naam en sy koninkryk en sy wil opgeroep was en reeds daaraan gebind is en dat ek dan op grond van hierdie dinge wat reeds voorop staan ek die Here nou ook om sy brood sal vra. Ons vra wel brood, wat my klere aan my liggaam en 'n gesonde ekonomie en werksgeleenthede en geseënde studies en 'n goeie salaris alles insluit, maar in werklikheid vra ek eintlik vir die Here om die genade van sy Woord. In my gebed na brood is Moses oortuig dat ons hiervan nie alleen kan lewe nie, maar wel van elke woord wat daar uit die mond van God uitgaan. My gebed na brood- *Gee ons vandag ons daaglikse brood...* vra eintlik van die Here, hou tog nie op om met ons te bly praat nie.

Die brood kan nie na my kom en die volle betekenis van brood kan ek nie begryp... ek kan 'n gesonde ekonomie en 'n trekker wat die lande vir die boere moet voorberei nie wil ontvang as ek nie reeds die Woord van God ontvang het nie. Dit alles, die trekker, die

oeste, die brood, dit moet na my kom deur die Woord. Moses besef dat in Deut. 8 die manna wat die Here aan sy volk gegee het nie eintlik maar net hulle kos was nie, maar dat dit eintlik vir hulle 'n opvoeding was.

Die manna was wel materieel, stoflik, hulle kon dit eet, dit het hulle liggame volkome kon voed, maar u moet besef die manna kon alleen van God afkom. Dit was al manier hoe daar kos kon wees. In daardie stuk woestyn kon daar nie geploeg en geplant en geoes word nie. Die opvoeding wat die manna die volk moes gee is dat al kan jy van die woestynsand nie eers 'n brood korreltjie inoes nie, die sand gee jou niks, God gee jou alles. As God sy Woord van genade tot ons spreek dan kan daar selfs op dorre woestynsand brood ingebring word. Ons lewe is op die wyse nie afhanklik van hoe goed die grond en hoe baie die water is nie, ons lewe nie direk van hoe die omstandighede in die natuur daar uitsien nie, maar wat die Here hier openbaar ons lewe is direk afhanklik van God en die Woord van God. Sonder die Woord, al mag 'n mens voel jy eet jou trommeldik, maar sonder die Woord is daar geen versadiging en groei moontlik nie. So 'n mens ly honger op die terrein waar die kosbaarste van God gemis word, sy brood wat sy Woord ons wil gee. Alleen dan kan ek waarlik gevoed word, as my daaglikse brood met God se ewige Woord verbind staan. Dit het Jesus vir die duiwel self gesê toe Jesus 40 dae in die woestyn sonder kos was dat brood nie maar vanselfsprekend na ons kom nie. Daar gebeur iets vanaf die Woord deur brood van die Here te vra.

In die tyd van Elia was dit weer net so duidelik. Wanneer God sy Woord en sy gesante onttrek, dan verdroog ook die land en die mens sterf in hulle duisende. Dit was nog dieselfde land en die natuur het nie verander nie, maar die Here spreek nie meer tot sy volk nie. Sonder hierdie ware Woord van God kan daar nie ware brood wees nie. Die brood is so afhanklik van die profesie. Iemand moet nie van herstel in die ekonomie praat as daar nie ware verkondiging in die kerk meer is nie.

***

Ons bely ons afhanklikheid van God op alle terreine van die lewe. In alles is ons van die Woord van God afhanklik. Sonder die Here se seën sal ons sorge en inspanning ons niks baat nie. Dit wat in die paradys gebeur het na die sondeval toe het God die aardbodem

vervloek. Vanweë die sonde van die mens sou die aarde nou dorings en distels voortbring en met sweet sou elkeen nou sy brood moet eet. So in kontras met die oorvloed wat daar in die paradys voor die sondeval was, het God se vloek nou oor die hele wêreld gekom. 'n Harde sware vloek en tog praat ons belydenis in hierdie gebed van ons Here dat ons geseën kan wees- **dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie baat nie...**

God kan sy vloek weer in sy seën verander. Christus het vir ons die vloek oor hierdie aarde gedra. As ons vandag bid gee ons vandag ons daaglikse brood wat ons moet doen, dan is die Heilige Gees die Een wat die heel laaste sin van die Kategismus vasmaak- **dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek en op U alleen stel**. Wie anders kan ons in staat stel om waarlik te vertrou as net die Heilige Gees. Soos Josafat in die Ou Testament in staat gestel was om sy vertroue in God alleen te stel so moet ons ook op die Here alleen vertrou (Vgl. 2 Kron 20).

Bid en werk, glo en bely teen die ganse wêreld in dat ons arbeid en God se gawes tot ons voordeel gestel mag word. Die hande wat vou om te bid is dieselfde hande wat na die arbeid uitgesteek moet word. Dan kan daar in ons rus en sterkte kom. Daar in jou broodkamer- ja wat is my broodkamer? Dit is maar ons gebedkamer. As Jesus ons beveel om te bid- soos wat ons dit vertaal *Gaan in jou binnekamer en sluit jou deur en bid daar...* Hierdie binnekamer was heel waarskynlik in die Israeliet se huis eintlik maar sy broodkamer gewees, want soos die Israeliete se huise ontwerp was, was alleen die broodkamer m.a.w. die spens eintlik maar die enigste vertrek gewees wat gesluit kon word. Daar langs die rakke wat die brood moet dra, wat al ons kos moet berg , om te weet so langs die rakke is daar gevra, soos ons dit nou nog mag vra- *Gee ons vandag ons daaglikse brood...*

AMEN

Vrae uit Sondag 50

1. Kan ons hierdie vierde bede van die Onse Vader van die eerste drie bedes skei? Motiveer.
2. Wat word bedoel met die woordjie "*brood"* in hierdie gebed? Wat sluit dit alles in?

Sondag 50

3. Watter drie dinge word uit die Kategismus voorop gestel as ons die Here vra om ons daaglikse brood?
4. Hoekom staan hier die woord *"ons"* en nie gee "my my daaglikse brood nie"?
5. Waarom kan ons die brood instrument van die Heilige Gees noem?
6. Wat is die verband tussen om te bid en om te offer?
7. Wat is die vernaamste deel van ons as kinders van die Here se dankbaarheidslewe?
8. Is ons soos mense wat bedel (leë hande na die Here toe uitsteek) as ons die Here vra – ***Gee*** *ons vandag ons daaglikse brood?*
9. Watter noue verband het hierdie bede in Sondag 50 met ook Sondag 52? (Vgl. onderaan p.2).
10. Is goeie grond en saad en genoeg water en implemente om te ploeg te saai en te oes nie reeds 'n waarborg dat daar altyd kos sal wees nie?
11. Op watter wyse kan hierdie vierde bede aan die Drie-Eenheid van God verbind word?
12. Moet daar nie eerder eerste vir geestelike behoeftes gebid word voordat daar na aardse liggaamlike behoeftes gevra word. (Sou dit nie beter wees as die vyfde en sesde bede eerder vóór die vierde bede gestaan het nie?!)
13. Hoe moet ons dit verstaan dat ons kos en werk geseën moet word? Is dit nie maar iets wat outomaties gebeur nie?
14. Op watter twee wyses was daar brood in die vroeëre tempel sigbaar?
15. Hoe het die manna wat Israel vir 40 jaar in die woestyn kon eet enige betekenis vir die vierde bede?
16. Hoe het Elia in sy lewe die vierde bede sien werk?
17. Hoekom is die verband tussen die derde bede en die vierde bede van die uiterste belang?
18. Op watter wyse was die manna in die woestyn eintlik vir Israel 'n opvoeding gewees?
19. Hoekom is die woorde in Deut.8:3 so belangrik?
20. Kan daar 'n gesonde ekonomie wees maar daar is nie gesonde prediking nie?
21. Wat het in die tyd van Elia met die kos kaste gebeur toe die Woord en die profete van God onttrek was?
22. Is grond vanselfsprekend geseën of rus daar nie eerder 'n vloek op grond nie?
23. Wie alleen kan grond seën en hoe is dit moontlik? Wat beteken dit vir ons?
24. Watter vertrek in die Israeliet se huis was waarskynlik sy binnekamer gewees as Jesus sy dissipels leer- *Gaan in jou binnekamer en sluit jou deur en bid daar?...*

Pretoria.....

SONDAG 50